

KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



Joh 3 vers 17 "God het nie sy Seun na die wêreld gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word."

Kortpad

1ste Lydensweek

Deurdankoffer vir Gemeentebediening

10 Maart 08h30 Eietydse diens Kleuterkerk
10 Maart Kategese
10 Maart 10h00 Klassieke diens

Nog belangrike datums

Kommunikamma 10 Maart 2019

Saam op pad vir Christus

Preke: Die preke van die oggenddienste word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.

Gaan wees 'n breekbare kleipot waaruit Jesus Christus Sy krag, liefde en omgee lek en maak sodoende van die wêreld 'n mooier en beter plek om in te leef. Hoe lyk die omgewing waar jy leef: is dit dor en droog of groen en vol blomme?

Kermis 2019

Daar is verskeie voorstelle gemaak en reëlins getref tydens die eerste vergadering soos byvoorbeeld dat die kermislyste Vrydag die 8^{ste} Maart gereed sal wees om uitgedeel te word sodat die vorms nie later nie as die 7de April weer terug by die kerkkantoor kan wees nie. Die volgende vergadering is geskeduleer vir 10 April om 18h00. Notule van die eerste vergadering

Sake vir gebed

Lees asseblief biddend die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

There4-Bediening: Gebedsversoek vir Eritrea

Bid vir Christene in Eritrea wat in verskriklike omstandighede aangehou word en vra God om hulle volharding te gee in hulle geloof. **Foto**

Kommunikasie-bladsy

Baie dankie, Jalise en Yvette, vir die nuwe baniere op die Kommunikasie-bladsy.

Padlans Liefde is. . . om jou prioriteite reg te hou

Mag ons nooit ons verhouding met God en ons geliefdes laat skade ly weens 'n droom wat ons najaag of werksdruk wat oorvat nie. Onthou: ware liefde word die beste gedemonstreer in hoe jy jou tyd bestee. Wat sê jou tydsbesteding oor jou prioriteite?

Padkos Leef luiheid flou

Ledigheid is die duiwel se oorkussing. So lui die ou Afrikaanse spreekwoord. Ek weet nie wat is 'n oor - kussing nie, want ekself het net 'n kopkussing. Maar ek weet darem ledigheid is 'n ouer Afrikaanse woord vir voltyds rondsit en niksdoen - luiheid, met ander woorde. Luiheid is gevaarlik, want dan begin jy droogmaak. Of jy fokus op ander se foute. Om die slagoffer van permanente luiheid te wees, is sinoniem met dwaasheid. Spreuke 26 vers 13 praat juis van een van die 'slim' verskonings van dwase om niks te doen nie - hulle doen niks omdat hulle dink daar's al weer 'n leeu op straat. Moenie hulle voorbeeld navolg en dit agterna doen nie. Volg eerder Prediker 9 vers 10 se roete deur elke dag met toewyding dit te doen wat jou hand vind om te doen. Doen elke dag iets konstruktief tot voordeel van die Here en ander. Moenie net rondsit en wag op beter dae nie. Skep daardie einste beter dae self. Bemoedig iemand. Deel 'n beker koue water elke dag uit. Dra 'n las vir iemand wat hulle nie self kan dra nie. Bid vir 'n persoon in nood. Leef luiheid flou tot eer van die Heer.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert www.ekerk.org]

***ku**bergroete tot volgende keer*

[2019-03-10]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal.
www.getsnapscan.com